

PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



JANUARIE
2014

Wat hou die nuwe jaar in?



N Nuwe jaar het weer aangebreek en wie weet wat vir ons voorlê! Het jy al ernstig nagedink wat jy hierdie jaar anders gaan doen?

Boere wat altyd optimisties is, begin byna altyd die Nuwejaar met die gedagte, "Hierdie jaar is die één – dit gaan beslis beter wees as verlede jaar!" Ongelukkig is ons en bankrekening so afhanklik van die weer dat ons soms hulpeloos voel en dink dat alles buite ons beheer is. Maar eintlik is dit nie die geval nie – slegs sekere dinge is buite ons beheer.

Ja, ons het geen beheer daaroor of dit reën of nie en ook nie oor hoeveel dit reën nie. Die temperature, die markte, die waarde van die rand en watter land voer oorlog teen wie! Hoekom doen jy jouself nie 'n guns nie, wees pro-aktief en doen wat jy kan om jouself rustig te hou. Hou op om bekommern te wees oor die dinge wat jy nie kan verander nie. Om bekommern te wees oor kwessies buite ons beheer en buite ons mag of gesag, neem te veel van ons tyd in beslag en tap ons energie. Dit maak ons depressief en lei ons aandag weg om te fokus op die dinge wat ons kan verander. 'n Wyse boer sal verkies om eerder sy kostbare tyd en energie te gebruik om toekoms gefokus te wees en te beplan rondom sake waарoor hy beheer het.

Daar is 'n gesegde wat sê: "As ons versuim om te beplan – dan beplan ons om te misluk! Beplanning is van die uiterste belang by alle besighede en boerdery is nie anders nie! Te dikwels gaan ons van dag tot dag en jaar na jaar aan om dinge oor en oor op dieselfde manier as voorheen te doen en dan wens ons dat dinge anders uitwerk. Soms is dit nodig om voorraad te neem van ons besighede en te besluit wat goed werk en wat verander moet word. Dus, waar moet ons begin?

'n Goeie plek om te begin wanneer jy beplan, is om jouself 'n paar belangrike vroe te vra soos:

Graan SA tydskrif vir ontwikkelende boere

Lees Binne:

06 Beheer van bolwurms by sojabone

08 Algemene beginsels van oesversekering

11 Graan SA voer 'n onderhoud met... Limos Malgas





OUMA JANE SÊ...

Ons begin 'n nuwe jaar vol hoop en verwagting – my beste wense aan julle almal vir 'n gelukkige en suksesvolle jaar. Ek vertrou dat julle almal kon tyd spandeer saam met julle vriende en familie oor die vakansieseisoen. Ek hoop ook dat julle almal onthou het om nie te stop om te sorg vir die somergewasse gedurende hierdie tyd nie. Ons moet nooit moeg word om te kyk na moontlike peste en siektes nie, omdat dit ons in staat stel om beheer van enige situasies te neem. Om te sorg vir 'n gewas is net so belangrik soos die aanplant daarvan.

Vir die koring en garsboere, julle begin alreeds met 'n nuwe siklus – dit is baie belangrik om 'n goeie grondslag daar te stel vir die komende seisoen. Maak seker dat jy die voorbereiding van jou lande goed doen en die nodige beplanning doen vir die produksie-insette en meeganisasie wat jy nodig het vir hierdie volgende plantseisoen. In die somerreënvalgebiede, onthou hoe belangrik dit is om vog in die grond te bewaar – jou volgende oes sal afhang van hierdie vog vir die oorgrote tydperk van die jaar.

Mielieboere – wees asseblief op die uitkyk vir stronkboorder. Dit is jou stil klein vyand wat hard werk om jou oes te vernietig. Gebruik tyd om deur jou lande te loop, dit is tyd wat goed bestee word.

Baie mense het laat sonneblom aangeplant as gevolg van die laat reëns in die Noordwes en die Vrystaat – onkruid is altyd 'n probleem wanneer die plante klein is. Hou die lande dop en neem die nodige stappe doen om die onkruid te beheer.

Ons as Graan SA hoop om 'n paar ander finansiële oopsies vir boere in plek te hê vir die komende seisoen. Ons hoop om ondersteuning te kry van die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming vir meeganisasie – ons glo dat dit in die vorm van 'n subsidie moet wees. Indien jy meeganisasie kan kry van die DRDLR, sal ons probeer om te reël dat jy rentevrye (of met lae rentekoerse) lenings vir produksie-insette kry. Op hierdie manier sal jy in 'n posisie wees om te boer, maar jy sal nie elke jaar 'n groot las op die staat wees nie. Ons kan nie verwag dat die regering elke jaar produksie-insette moet lewer nie – as boere moet ons leer om geld teleen en dit terug te betaal. Op hierdie manier sal ons in staat wees om meer en meer boere elke jaar te help totdat ons al die beskikbare grond in produksie het.

Sterkte vir 2014! ☺

Wat hou die nuwe jaar in?

“Doen wat jy kan met wat jy het, waar jy is. Theodore Roosevelt.”

omdat dit lyk asof dit geld kan maak nie, of omdat in die mode is, of "net omdat almal anders dit doen" nie. "Ontleed dit, doen navorsing en as jy regtig glo in jou plan, gaan dan voluit daarvoor.

Wat moet gedoen word?

Spandeer tyd en energie aan beplanning. Verander aan die dinge waaroer jy beheer het. As jy besluit dat jy enige drastiese veranderinge moet aanbring, maak seker dat dit inlyn is met beide jou besigheids- en persoonlike doelwitte. Stel 'n begroting op en beplan jou finansies noukeurig en realisties. Kom op die plaas, ry rond in jou lande en kontroleer heinings en slechte paaie. Gee meer aandag aan die instandhouding van jou toerusting, of ruim jou stoorkamers op. Daar is altyd iets op die plaas wat ons aandag nodig het!

“In Ou Chinese spreekwoord lui, ‘‘n Enkele gesprek met 'n wyse man het dieselfde waarde as tien jaar se studie.’’

Lees! Leer! Vra!

As jy jou besigheid ontleed het en voel dat jy swak is op sekere belangrike gebiede, sal dit wys wees om iets daaraan te doen. Ons as boere is nooit te oud om te leer in ons voortdurend veranderende wêreld nie! Hulp kan beteken om op 'n kursus te gaan, of dalk net 'n besoek aan jou bure. Moenie bang wees om te vra nie, dit kan baie tyd en geld spaar, omdat daardie mense dikwels reeds die foute gemaak en "skoolgeld" betaal het. 'n Ou Chinese spreekwoord lui, "n Enkele gesprek met 'n wyse man is gelykstaande aan die waarde van tien jaar se studie."

Onthou dus volgende keer as jy sit en wag vir reën, of miskien 'n paar dae se sonskyn en bekommert is daaroor, om liewer die tyd konstruktief te gebruik en aan die dinge te werk waaraan jy kan verander. Die bekende psigiatër en oorlewende van die konsentrasiekamp, Viktor Frankl, het gesê: "As ons nie meer in staat is om 'n situasie te verander nie, word ons uitgedaag om onself te verander." Ek moedig jou aan om positief te dink en proaktief op te tree, eerder as om toe te laat dat bekommernis en wanhoop jou energie tap. ☺

**Artikel verskaf deur Jenny Mathews,
Pula/Imvula medewerker. Vir meer inligting,
stuur 'n e-pos na jjenjonmat@gmail.com.**

Uitvoerende Hoofbestuurder se Nuwejaarsboodskap

Die huidige seisoen was een wat graanboere sal onthou vir sy uiterstes. Die een oomblik het ons die herkapitaliseringsprogram wat deur die Regering geïmplementeer is gevier en die volgende oomblik is ons ontnugter deur 'n ernstige droogte in die Noordwes deel van ons produksiearea.


Die groot toename in die 250 Ton Klub leddetal van 66 tot 83 lede was waarskynlik een van die grootste prestasies van Graan SA die afgelope jaar. Die aantal lede van die 250 Ton Klub is op sigself nie die enigste doel nie. Ons juig ook oor die sukses van elke boer wat nie net 'n verskriklike droogte oorleef het nie, maar sy of haar opbrengs verhoog het deur slimmer te boer. Dit is waarvoor ons as 'n organisasie leef! Wel gedaan aan die Graan SA span vir 'n groot jaar!

2014-vooruitsig

Die vooruitsigte vir die nuwe seisoen is baie positief. Die vraag na graan en oliesade groei nog steeds baie sterk. Die regering se finalisering van die bio-brandstof beleid en publikasie van die implementeringsdatum (1 Oktober 2015) sal die plaaslike vraag na graan en oliesade selfs verder bevorder.

Die riglyne vir die biobrandstofaanlegte om 'n sekere persentasie van hul gewasvoorrade van swart boere te verkry, was net waarvoor ons gewag het. Ons verwag premies bo die mielieprys om sorghumproduksie aan te moedig. Inderdaad goeie nuus. Die groot teurstellung was die tydelike staking van die regering se herkapitaliseringsprogram. Graan SA is onophoudelik besig om die probleme op te los, maar ons het ook begin fokus op 'n paar nuwe inisiatiewe wat meer volhoubaar in die toekoms kan wees – iets wat nie so afhanklik van toelaes is nie.

Daar is 'n groeiende aantal boere wat speel met die idee van weervoorscheppe dat Suid-Afrika tans in 'n droë sirklus is. Die debat oor die werklike impak van klimaatsverandering is ook nie afgehandel is. Nietemin, ons 2014 seisoen in Limpopo is reeds een maand laat. Baie boere sal nie in staat wees om te plant gedurende die optimum planttyd as gevolg van die laat reëns nie. Ten spye van tegnologie (plante en praktyke), kan ons nie die reën vervang nie. As 'n landbousektor bly ons kwesbaar en totaal afhanklik van ons Skepper vir reën. Ek vertrou dat teen die tyd dat jy hierdie lees, die reën al sou gevallen het.



Jannie de Villiers

Die laat reën in die Suid- en Wes-Kaap vertraag die oesproses en het die potensiaal om dele van goeie oeste te vernietig.

Ons verwag egter 'n uitdagende seisoen ten opsigte van die dinge wat ons nie kan beheer nie en vir die res: Ons sien uit daarna dat goeie groei in die vraag (en goeie prysse) ons sal deurtrek. ☺

**Artikel verskaf deur Jannie de Villiers,
Uitvoerende Hoofbestuurder van Graan SA.
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos
na jannie@grainsa.co.za.**

Identifisering van siektes by mielies

En van die moeilikste dinge vir ons as boere is om ons gewasse te verken en die groeivordering te beoordeel dwarsdeur die jaar. Ons het altyd iets meer dringend om te doen wat ons glo meer belangrik is.

Maar laat ek jou vertel, om af en toe jou lande deur te kyk, kan ongelooflik waardevol wees en kan moontlik baie geld spaar indien jy 'n probleem vinnig genoeg raaksien en dit hanteer. Selfs vandag met al ons gemodifiseerde en gevorderde saad wat blybaar bestand is teen dit en dat, kan mielies vatbaar wees vir talle siektes. Dus moet jy oppas en waaksam wees.

Siektes word hoofsaaklik veroorsaak as gevolg van ongunstige klimaatstoestande soos te veel reën, hitte en humiditeit. Te veel vog is nie altyd 'n goeie ding nie, dit kan lei tot swam- en bakteriese uitbraak op die blare van die plant wat gevolglik sal lei tot verminderde produksie. Gelukkig is daar produkte op die mark wat die plant se weerstand verbeter en beskerm teen siektes. Dit is dus noodsaaklik om op die uitkyk te wees vir vroeë tekens om aksie te neem. Swamsiektes en bakteriële siektes is relatief algemeen, maar kan egter beheer word indien dit korrek behandel word. Virusse kom ook soms voor en daar is baie van hulle, dus is dit goed om te weet waarna jy soek wanneer jy jou lande verken. Ons sal kortliks 'n paar verskillende siektes uit elk van hierdie oorsake bespreek en wat hulle simptome en behandeling is.

Swamsiektes

Mielieroes

Hierdie siekte word wêreldwyd gevind, maar is mees algemeen in gebiede met 'n hoë humiditeit en gematigde klimaat. Die roes is mees opvallend wanneer die mielieplant pluimvorming bereik. Daar is egter tekens wat vroeër opgetel kan word, soos klein, oranjebruin kolle op die blare wat meer prominent sal word soos die plant groei. Dit is 'n algemene siekte en kan met 'n verskeidenheid produkte behandel word, een van die nuwe gewilde chemikalieë wat gebruik word, is Abacus.

Grysblaarvlek

Hierdie siekte sal ook algemeen voorkom in subtropiese en gematigde gebiede met 'n hoë humiditeit. Opvallende lang letsels, grysbruin in kleur, sal sigbaar wees. Binne die letsel is daar klein kolletjies. Hierdie siekte sal blaarverlies en later swak graanvulling veroorsaak.

Stamvrot

Stamvrot ontwikkel in warm, vogtige omgewings, veral wanneer hierdie toestande voortduur oor 'n

lang tydperk. Mielieplante wat hierdie siekte het, sal voortydig droog en die blare sal oopbreek. Jy sal ook donkergrys en swart verkleuring op die laer vlakke van die stronk opmerk. Dit is belangrik om hierdie probleem so gou as moontlik te behandel om graanverlies te voorkom as gevolg van die vroeë droogword van die plant.

Bakteriële siektes

Bakteriële stamvrot

Dit is 'n bakteriële patogeen wat in gebiede met hoë temperatuur en hoë humiditeit voorkom. Hierdie siekte sal vinnig versprei en die plant laat vrek. Plante wat met die patogeen besmet is, sal 'n donker kleur aan die basis van die stronk kry; baie soos swam stamvrot en die plant sal gewoonlik vrek kort na pluimvorming.

Alle stronk- en wortelvrot veroorsaak omval van die plant en van die koppe kan op die grond lê. Hierdie omval het finansiële implikasies, aangesien hierdie koppe met die hand geoes moet word, wat 'n ekstra uitgawe is.

Virusse

Daar is baie virusse wat ons mielie-oes kan steel, die beste manier om dit te hanteer is om voorberei te wees en goeie gehalte, betroubare saad van 'n bekende bron te plant. Dit sal die risiko van die inbring van vreemde saad wat 'n genetiese fout het, of selfs 'n virus dra, verminder. Baie virusse sal dikwels baie soortgelyke simptome hê as swam en bakteriese siektes, dus is dit belangrik om 'n kenner se mening te kry wanneer jy iets snaaks of ongewoon opmerk. Sommige virusse wat soms in sommige Afrikalande, waaronder Suid-Afrika voorkom, is Mosaiek-virus, Bakteriese blaarstreepvirus, Dwerggroeivirus en Streepvirus.

Die beste praktyk wanneer dit kom by die bestuur van siektes by mielies is waarneming en monitering. As 'n siekte ongesiens en sonder toesig gelaat word, kan en sal dit groot skade veroorsaak. Gee aandag aan klimaatstoestande. As jou gewasse moeilike klimaatstoestande moet verdra, sal hulle dikwels siektes opdoen wat jou dringende aandag nodig het. Indien jy 'n letsel of uitbraak op 'n paar blare in jou land opmerk en jy is nie seker wat dit is nie, is die eerste stap in jou plan van aksie om jou chemiese verteenvoordiger of 'n naburige boer met kennis oor sulke sake, te raadpleeg.

**Artikel verskaf deur Gavin Mathews,
Baccalaureus in Omgewingsbestuur.
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na
gavmat@gmail.com.**





Beheer van bolwurms by sojabone

Bolwurmbesmetting op sojabone gedurende die 2012/2013-seisoen in die sentrale en oostelike Vrystaat, het groot skade op sommige phase veroorsaak. Die intensiteit van die besmetting het boere verras. Sommige gebiede het ook 'n besmetting van kommandowurm kort na, of tydens die bolwurm aanval gehad.

Beheermaatreëls is dikwels te laat uitgevoer en die verwagte beheer deur sekere bespuitings het glad nie gewerk nie. Hierdie situasie het geleid tot eise aan chemiese maatskappye deur boere.

Afhangende van die plantdatums en klas van volwassenheid van die sojabone, is die besmetting ook gekoppel aan die uiterste droogtestres wat op sommige lande en phase ervaar is. Hierdie twee faktore wat tegelyk voorgekom het, het 'n baie negatiewe impak op opbrengs en inkomste gehad.

Indien jy bietjie meer oor die probleem en die effektiewe beheer daarvan weet, sal dit help om hoë vlakte skade hierdie jaar te vermy.

Beskrywing en lewensiklus

Die Afrika bolwurm staan in die plant klassifikasiestelsel bekend onder sy Latynse naam *Heliothis armigera* en is 'n lid van die skoenlapper orde of *Lepidoptera* en familie van *Noctuidae*.

Hij word gevind in die meeste kontinentale graangewasse en groente wat verbou word, soos alle bone, katoen, akkerbone, ertjies, sorghum, tamatie, sonneblom, mielies en sojabone. Dit besmet ook en voltooi sy lewensiklus op baie onkruid wat verband hou met bogenoemde kommersiële gewasse. Dit kan dus afgelei word dat daar 'n baie wye verspreiding in die hele Afrika, insluitende Suider-Afrika is.

Indien die klimaat geskik is vir peste, kan groot genoeg getalle motte uitkom en op feitlik dieselfde tyd begin vlieg en verskeie siklusse voltooi gedurende die groeityelperk van ons somergewasse. Baie hektaar kan binne 'n paar dae besmet wees.

Die donkerbruin motte met 'n vlerkspan van 35 mm tot 40 mm lê 'n groot aantal eiers en die lewensiklus word binne 'n kort tyd voltooi onder warm toestande. Die eiers broei uit binne 3 tot 5 dae, wat lei tot die larwestadium van 17 tot 35 dae en die papiestadium van 17 tot 20 dae. Die lewensiklus word binne 25 tot 60 dae voltooi, afhangende van die temperatuur. Onder ideale toestande sal

verskeie geslagte sommige gewasse dus ten minste twee keer en later aanplantings een keer gedurende 'n somerseisoen besmet.

Skade

Die ruspes voed op die blare, knoppe en groepunte van die besmette plante, sowel as die blomme en vrugte. Die gevolglike groot blaarskade verminder doeltreffende blaaroppervlakte vir fotosintese en dus sal plante stadiger groei. Dit verdwering van plante is verlede jaar in die gebied waargeneem. Ruspes wat later op blomme en peule gevreet het, het die meeste skade veroorsaak, omdat dit saad en peulvorming voorkom.

Waarneming

Klein interne dele van die blaar wat verwijder is, is die eerste teken dat die ruspes uitgebroei het. Hierdie openinge neem toe in grootte soos die wurms groter word. Feitlik die hele binne-area van die blaar kan verteer word. Op 'n later stadium word skoon, ronde gate in die sojaboon peule gemaak. Die skade kan op klein en groot peule gesien word. Klein ruspes word nie deur boere opgemerk nie, omdat hulle mis op die grond val. Gedurende droë toestande kan hulle onderaan die plant waargeneem word indien 'n mens baie mooi kyk.

Die gate dien as toegangspunte vir sekondêre infeksies deur siektes wat verdere skade aan peule veroorsaak. Een ruspe kan skade aan verskeie peule aanrig en wanneer hulle eers diep in die peule is, is dit baie moeilik om hulle met insekdoders te bereik.

Boere het al dikwels waargeneem dat tydens die eerste besmetting, ruspes met die kop en die voorwand van die liggaam in die sojaboonpeul vreet en die res van die liggaam buite.

Gedrag van volwasse ruspes

Sodra die ruspes volwassenheid bereik, vrou hulself toe in 'n blaar wat reeds gevreet is en spin die blare saam om 'n beskermde plek te vorm waarin hulle begin met die papiestadium, wat dan lei na die mot of vliegstadium. Gedurende die warm mid-seisoen toestande, kan dit binne 17 dae gebeur.

Baie boere het die vorige seisoen eers besef hoe hoog die besmetting was toe hulle opgerolde blare waargeneem het.



Verkenning

Verkenning vir peste op elke land gedurende die hele seisoen is van kritieke belang. Indien die plant geskud word, sal sommige van die motte versteur word en kan dan gevang word en behoorlik geïdentifiseer word.

Skepnette kan gebruik word om 'n paar motte vir identifikasie te vang, deur die nette oor die blare te vee.

'n Besluit kan dan gemaak word oor wanneer, of indien beheermaatreëls finansieel lewensvatbaar sal wees.

Kritiese faktore en beheermaatreëls

Verskeidenheid keuse

Verskeie kritiese faktore kan die besmettingsvlakte van die gewas beïnvloed. Die verskillende volwassenheid klasse en groei-eienskappe van sojabone kan die intensiteit van infeksie gedurende die seisoen op verskeie stadiums beïnvloed. In Suid-Afrika word gewasse geplant gedurende 'n kort beskikbare venstertydperk wanneer die grondtoestande ideaal is, dus is jou beplanning rondom insek en plantegroei lewensklusse dikwels baie moeilik. Die boer kan voorspel wanneer die motte gedurende 'n bepaalde seisoen vlieg. Hou in gedagte dat indien 'n toenemende groot oppervlakte sojabone geplant word in 'n boerdery-distrik, die risiko van besmetting in die daaropvolgende jaar sal toeneem.

'n Oppervlakte van 5% van die belangrikste gewas kan ook 10 tot 14 dae vroeër geplant word, sodat enige bolwurmbesmetting wat opduik, gedurende hierdie tyd beheer kan word.

Biologiese beheer

Bolwurm ruspes kan natuurlik beheer word deur verskeie perdeby soorte en swaminfeksies. Die besmette larwes kan waargeneem word in die blaremassa wat 'n ekologies gebalanseerde mikro-klimaat onder ideale toestande vorm. Dit is egter duidelik dat slegs vroeë bespuiting in die praktyk doeltreffend was.

Tydsberekening en toediening van chemikalieë

Sojaboon plante kan tot 35% blaarverlies tot by blomtyd weerstaan. Dit kan gemeet word deur 'n verteenwoordigende aantal blare van die plante na willekeur bymekaa te maak en die beoordeling van die persentasie skade op elke blaar. Die totale gemiddelde skade op

Foto: Effektiewe beheermaatreëls sal help om die skade soos gesien op hierdie sojabone, te verminder.

enige stadium kan dan bereken word. Tydens blom en tydens peulvulling sal 20% blaarskade opbrengsverlies tot gevolg hê.

Vyf en twintig larwes of meer per meter, 12 mm in lengte, kan as 'n riglyn gebruik word om skade van 35% aan te rig. Dit word algemeen aanvaar dat chemiese beheer deur bespuiting kommersieel lewensvatbaar sal wees wanneer hierdie vlak van skade ervaar word. Die probleem is dat die skade vinnig toeneem van 20% tot 35%. Dit is verstandig om onmiddellik te begin spuit terwyl die blaarskade 20% is, of wanneer 25 larwes of meer per meter in die ry gevind kan word.

Chemikalieë en bespuiting

Dit word wêreldwyd bevind dat die gebruik van piretroïed insekdoders oneffektiief is, met 'n beheer van drie uit tien toedienings wat effektiief is. Die gebruik van pyrethrroids het in die Vrystaat alleen tydens verlede jaar se beheermaatreëls baie swak resultate gelewer.

Die aanbevole beheermaatreëls is om 'n kombinasie van piretroïed en diamide gebaseerde insekdoders te spuit.

'n Moontlike effektiewe kombinasie sal 'n piretroïed saam met methomil wees, wat elk toegedien word teen ongeveer 100 gram in 'n mengsel van 200 liter per hektaar. Hoeveelhede water minder as dit, sal eenvoudig nie die blare en stiele bedek nie en nie goeie resultate bied nie. Dit is baie belangrik om te spuit teen 'n druk van drie bar om te verseker dat blare genoeg geskud word om die ruspes binne die blare bloot te stel. Dit is feitlik onmoontlik om hulle te beheer wanneer hulle die peule binnegedring het. Die totale koste van die chemikalieë vir hierdie bespuiting is slegs sowat R30 per hektaar. Dit is die moeite wert om dit te doen om enige verdere skade van meer as 20% blaarskade te verhoed.

Raadpleeg altyd jou verskaffer of konsultant vir die beste praktiese raad!

Gevolgtrekking

Dit is regtig belangrik dat die boer sy lande deursoek vir motte en wurms op 'n intensiewe en gereelde wyse om in staat te wees om 'n potensiële geværlike besmetting van bolwurm so vroeg as moontlik op te spoor en te beheer.

Artikel verskaf deur 'n afgetreden boer.



Algemene beginsels van oesversekering

Wat het risiko en versekering met mekaar te doen? Soos in 'n vorige artikel verduidelik, is versekering 'n manier om finansiële risiko's te bestuur deur die oordra van sommige ongunstige faktore na sogenoemde versekeringsmakelaars. Hierdie makelaars spesialiseer in die verskaffing van dienste aan die landbousektor om die negatiewe invloed van risiko's te verminder.

Daar is baie verskillende tipes versekering, maar die beginsel van hoe versekering funksioneer om die negatiewe invloed van risiko's te verminder, bly dieselfde. 'n Groep mense (diogene wat verseker is) fondse (premies) by 'n instelling. Die versekeraar of makelaar gebruik dan hierdie fondse om 'n verlies as gevolg van 'n negatiewe gebeurtenis, byvoorbeeld 'n haelstorm, te dek. Deur praktiese ervaring is dit duidelik dat nie almal wat verseker is, tegelykertyd 'n negatiewe gebeurtenis sal ervaar nie. Daarom sal al die bydraers tot die fonds help om die verlies van een of 'n paar bydraers te dek. En hoe meer bydraers daar is, hoe laer sal die premies word.

Die voordele van deelname aan oesversekering is hoofsaaklik soos aangedui in die vorige paragraaf, indien jy 'n verlies ly, die grootste deel van jou verlies gedek sal word. Oesversekering bied dus gemoedsrus vir die moontlikheid dat jou hele oes byvoorbeeld deur 'n erge haelstorm vernietig kan word. Verder help oesversekering ook met die verbetering van jou rekordhouding en bestuur van jou gewasproduksie. Wanneer jy verseker is, is dit verpligtend om sekere rekords te

hou en daar word van jou verwag om behoorlike produksieprakteke te gebruik. Die gekwalifiseerde veldpersoneel van die versekeringsmakelaar is ook beskikbaar om advies en ondersteuning ten opsigte van die produksie van jou gewas dwarsdeur die seisoen te gee.

Die grootste nadeel van versekering is die koste van versekering, wat gesien kan word as vermosing indien jy nie in die bepaalde jaar 'n eis by jou makelaar indien nie. Versekering kan ook redelik duur wees. Die koste van die versekering van jou mielie-oes, kan ongeveer R300/ha en vir sonneblom R200/ha wees, hoofsaaklik onderworpe aan die verwagte produksie. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat jou totale produksiekoste 'n paar duisend rand per ha kan beloop en totaal uitgewis kan word deur ongunstige weerstoestande. Dit kan ook 'n nadeel wees, omdat jy as versekerde altyd 'n sekere persentasie self sal moet dra, wat beteken dat jy 'n deel van die finansiële verlies self moet dra, aangesien van die premies waartoe jy moes bydra.

Die koste van die versekering word bepaal deur die tipe gewas, opbrengs per hektaar, die kommoditeitsprys R/ton, jou distrik (sommige distrikte is meer geneig tot hael as ander), die sogenoemde geen-eis bonus en watter deel van die skade deur die boer self gedra sal word. By oesversekering is die premie 'n eenmalige betaling wanneer jy jou gewas verseker.

Wanneer jy oesversekering reël, sal van jou verwag word om 'n kaart van jou plaas te voorseen wat die lande wat verseker moet word aandui, landnommers en areas, verwagte opbrengs,

opbrengste van die afgelope vyf jaar (indien beskikbaar) en grondontleding nie ouer as twee jaar nie. Die noodsaaklikheid om die nodige inligting te verskaf, sal 'n voordeel wees in terme van die verbetering van jou rekordhouding en jou bestuur.

Wanneer skade ondervind word, moet jy sogauw as moontlik aan jou makelaar verslag doen en alle relevante inligting voorsien – gewas, watter lande, area, verwagte opbrengs, datum, ensovoorts om 'n eis in te dien. Assessering van die verlies sal dan uitgevoer word deur opgeleide personeel.

Daar is 'n aantal maatskappye (makelaars) wat betrokke is by die verskaffing van landbou versekeringsdienste. By die oorweging van die versekering van jou gewas of ander bates, is dit raadsaam om inligting te kry van meer as een betroubare diensverskaffer en die premies en dienste wat verskaf word, te vergelyk. Jou geld is betrokke – kry die beste waarde – vergelyk pryse. Hierdie artikel gee net inligting in terme van die algemene beginsels van oesversekering. Jy moet spesifieke inligting van diensverskaffers verky – hulle almal bied verskillende pakkette en dienste.

Boere is veral kwesbaar vir droogte en hael, wat altyd deel van die risiko sal vorm wat verband hou met boerdery. Om risiko's te bestuur, is die verantwoordelikheid van die boer en versekering slegs 'n bestuursimplement.

**Artikel verskaf deur Marius Greyling,
Pula/Imvula medewerker. Vir meer inligting,
stuur 'n e-pos na mariusg@mcmc.co.za.**



Die belangrikheid van bye vir die bestuiwing van sonneblom

Bye! Hierdie diertjies is so klein, maar tog baie belangrik vir ons as saai-boere van Suid-Afrika. Hul waarde word te dikwels oor die hoof gesien en as vanselfsprekend aanvaar. Indien die situasie ooit sou ontstaan waar bye uit die blommeryk verdwyn, sal ons baie gou hul afwesigheid beleef en sal ons in werklikheid 'n ernstige finansiële probleem in die gesig staar.

Die globale afname in die getalle van heuning-bye het daartoe gelei dat baie boere uiterste maatreëls geïmplementeer het en byekorf kaste gehuur het om in lande te plaas om te help met die bestuiwingsproses. Dit is veral duidelik onder sonneblomsaad boere in Suid-Afrika. In hierdie artikel sal ons kyk waarom hierdie klein diertjies so waardevol vir sonneblomprodusente van Suid-Afrika is.

Die bestuiwingsproses

Alle sonneblom moet behoorlik bestuif word om maksimum produksie te behaal. Vir saad om te ontwikkel, moet daar beweging van stuifmeel van 'n manlike sonneblomplant na 'n vroulike plant wees. Bye doen dit baie effektief. Een bye kolonie kan soveel as 80 000 bye bevat en elke by kan tussen 20 en 25 blomme per minuut besoek en

sodoende die belangrike bestuiwingsproses uitvoer. Dit is waarom dit van kardinale belang is om die habitat van bye te beskerm of ten minste voorseening te maak vir hul habitatbenodigdhede in en om die sonneblomlande. Indien daar 'n tekort aan bye in die sonneblomlande gedurende die blomperiode is, kan dit lei tot 'n moontlike verlies van 25% aan produksie. Die verlies aan produksie sal veroorsaak word deur 'n aantal kettingeffekte as gevolg van die gebrek aan bye, soos:

- Swak saadvulling;
- Groter plaagskade, en
- Oneweredige saad rypwording.

Indien daar genoeg bestuiwers is om die werk te doen, moet die blomme oop wees vir 'n korter tydperk, dus word die blomme vir 'n korter tydperk blootgestel aan peste, wat dan sal lei tot minder skade. Die bestuiwingsproses sal ook vinnig uitgevoer word, wat sal lei tot eenvormige rypwording en rypwording van saad regoor die land. Dit is baie voordeelig gedurende die oestyd. Dit is nie net die produksie in terme van die hoeveelheid saad wat beter sal wees as gevolg van goeie bestuiwing nie, maar ook die kwaliteit van die saad sal van 'n veel hoër standaard wees. Dit is bevind dat sonneblom wat goed deur bye bestuif is, 'n baie hoër olieinhoud in die saad het. Dit is voordeilig, want hoër olie beteken ook swaarder saad.

Hoe kan ons dus verseker dat ons gewas goed bestuif is en hoe monitor ons die bestuiwingsproses?

Dit is 'n relatief eenvoudige proses. Indien jy byekorwe gehuur het, is dit belangrik om die korwe te plaas binne, of so na as moontlik aan die gewasse. Dit is noodsaaklik om die korwe te versprei, sodat hulle tot die maksimum benut kan word. Die korrekte hoeveelheid byekorwe moet ook in die sonneblomlande geplaas word. Dit is gewoonlik ongeveer 2 - 5 korwe per hektaar. Wanneer die blomtyd verby is, kan die sukses van die bestuiwing gemonitor word deur die beoordeling van die sonneblomkop. Indien die saad goed gevorm is, is die kop vol en is daar eenvormige saad, wat ons kan gerusstel dat bestuiwing suksesvol was.

Hartseer feite!

Ongelukkig neem die aantal bye wêrelwyd drasties af! Dit kan toegeskryf word aan 'n aantal dinge, maar ongelukkig is ons boere grootliks verantwoordelik daarvoor. Ten einde hierdie onreg reg te stel, moet ons:

- Werk daaraan om bye se natuurlike habitat so goed as moontlik te bewaar;
- Wees versigtig met die gebruik van plaagdoders;
- Moet nie korwe vernietig indien hulle jou leefruimte binnedring nie, kry eerder 'n professionele persoon om hulle te skuif; en
- Respekteer en waardeer hulle rol in ons ondernemings.

Die meeste plante wat deur mense gebruik word, is direk of indirek afhanglik van bye bestuiwing. Dit is hoekom ons die bedreiging wat hulle verdwyning inhou, moet erken. Ons kan nie net staatmaak op die verhuring van korwe deur byeboere nie. Dit is baie duur, nie volhoubaar nie en onrealisties! Daar is 'n behoefte vir ons as boere om kreatief te wees met die wyse waarop ons ons plase struktureer om soodende 'n aanloklike omgewing vir bye te skep en nie 'n vyandige een nie. ☺

*Artikel versaf deur Gavin Mathews,
Baccalaureus in Omgewingsbestuur.
Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na
gavmat@gmail.com.*



